NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 8 AUGUSTUS 2012 OM 14:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdh N J A Rust
Ondervoorsitter, rdl M van Zyl

Abrahams, M	Sedeman, A C
Cloete, C M	Stemele, O M
Cox-Bruintjies, Y S	van der Westhuizen, R F
Geel, B W	Wilskut, W
Goliath, M S I	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Beplanning, Boubeheer en Waardasies, mnr A Zaayman
Rekenmeester: Begrotingskantoor, mnr E Paulse
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. **OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die voorsitter heet almal hartlik welkom, waarna rdl W Wilskut open met gebed.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C H H Hunsinger, F S Humphreys en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper.

2. **NOTULES**

2.1 **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 6 JUNIE 2012**

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl M Abrahams)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Adminstrasie en Finansies) gehou op 6 Junie 2012 as korrek bekragtig word.

3. **AFVAARDIGINGS/OORHANDIGINGS/VOORLEGGINGS**

3.1 **VOORLEGGING DEUR DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING: STIGTING VAN 'N PLAASLIKE DWELM AKSIE KOMITEE**

Die voorsitter lig die komitee toe aangaande die voorlegging en stel mnr Dick Smit (Departement Sosiale Ontwikkeling) en me Wendy Bingham (Departement Plaaslike Regering) aan die woord.

Mnr Dick Smith lig die komitee toe aangaande die agtergrond van die Nasionale Dwelm Meesterplan. Hy bied verder inligting aangaande die werk wat die Provinsie reeds t.o.v. die

dwelm probleem gedoen het. Hy noem verder dat Provinsie 'n ondersteuningsfunksie sal bied aan munispaliteite t.o.v. die dwelm probleem. Dit kan gedoen word deur die implementering van Plaaslike Dwelm Aksie Komitees. Hy het ook klem gelê op die rol wat die munisipale raad en individuele raadslede kan vervul om by te dra tot die voorkoming en aanspreek van die dwelm probleem.

Na afloop van die voorlegging was daar geleentheid gebied vir vrae waarop mnr Smith reageer het.

Die voorsitter stel voor dat die bestaande wykskomitees aangewend word om 'n addisionele sektor te stig wat op dwelm probleem fokus. Hy is van mening dat dit 'n meer werkbare oplossing sal wees aangesien die wykskomitees goed funksioneer en daar reeds 'n oorsigrol in plek is.

Rdl C Cloete is van mening dat die wykskomitees nie die nodige kapasiteit het om dit te hanteer nie aangesien die probleem baie dieper lê as wat tans ondervind word.

BESLUIT[1]

Dat die aangeleentheid op amptenaarsvlak ondersoek word en 'n werkbare oplossing aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring.

3.2 **SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND**

BESLUIT

Dat kennis geneem word van skrywe van dank en waardering ontvang gedurende die afgelope maand.

4. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

5. **GEDELEGEERDE SAKE**

5.1 **KWARTAALVERSLAE**

5.1.1 **MUNISIPALE BESTUURDER KWARTAALVERSLAG (APRIL - JUNIE 2012) (2/4/2)(7/1/2/2-7)**

5.1.2 **FINANSIËLE DIENSTE KWARTAALVERSLAG (APRIL – JUNIE 2012) (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)**

5.1.3 **KORPORATIEWE DIENSTE KWARTAALVERSLAG (APRIL - JUNIE 2012) (7/1/2/2-1)**

Die voorsitter gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder, Direkteur Korporatiewe Dienste sowel as mnr E Paulse om hul onderskeie kwartaalverslae te behandel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl M Abrahams)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat Finansiële Dienste en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir April 2012 – Junie 2012.

6. **SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

Geen

(GET) N J A RUST
VOORSITTER

[1] Besluit vervang deur item 5.1.1 van UBK-notule gedateer 15 Augustus 2012

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl O M Stemele
Ondervoorsitter, rdl R F van der Westhuizen

Abrahams, M	Van der Merwe, J I
Fortuin, C	van Zyl, M
Goliath, M S I	Zatu, N S
Rust, N J A	

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. **OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die vergadering neem om 14:50 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C H H Hunsinger, C H Papers en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper.

2. **NOTULES**

2.1 **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING (SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 6 JUNIE 2012**

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 6 Junie 2012 as korrek bekragtig word.

3. **VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS**

Geen

4. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

5. **GEDELEGEERDE SAKE**

5.1 **KWARTAALVERSLAE**

5.1.1 **SIVIELE INGENIEURSDIENSTE KWARTAALVERSLAG (APRIL - JUNIE2012) (7/1/2/2-4)**

5.1.2 **ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE KWARTAALVERSLAG (APRIL - JUNIE 2012) (7/1/2/2-4)**

Die voorsitter gee geleentheid aan die Direkteure: Siviele en Elektriese Ingenieursdienste om hul onderskeie kwartaalverslae te behandel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N J A Rust, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir April 2012 – Junie 2012.

6. **SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

Geen

(GET) O M STEMELE
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl A C Sedeman
Ondervoorsitter, rdl W Wilskut

Geel, B W
Goliath, M S I
Philander, D B
Sneewe, A M
Stanley, B J
van der Westhuizen, R F
van Zyl, M

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. **OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die vergadering neem om 15:10 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C H H Hunsinger en C H Papers en die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper.

2. **NOTULES**

2.1 **NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 6 JUNIE 2012**

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur B J Stanley)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op op 6 Junie 2012 as korrek bekragtig word.

3. **VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS**

Geen

4. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

5. **GEDELEGEERDE SAKE**

5.1 **KWARTAALVERSLAE**

5.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE KWARTAALVERSLAG (APRIL - JUNIE 2012) (7/1/2/2-1)
5.1.2 **BESKERMINGSDIENSTE KWARTAALVERSLAG (APRIL - JUNIE 2012) (4/1/2/2-3)**
5.1.3 **MUNISIPALE POLISIEDIENSTE KWARTAALVERSLAG E MAANDVERSLAG (APRIL - JUNIE 2012)**

5.1.4 **BRANDBESTRYDING MAANDVERSLAG (JUNIE/JUNE 2012)**

Die voorsitter verwys na die toetsing van brankrane en verneem na die hoeveelheid brandkrane getoets, sowel as die getal in werking en buite werking.

Die Direkteur: Beskermingsdienste onderneem om die inligting so spoedig moontlik aan die voorsitter te voorsien.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste en die Direktoraat Beskermingsdienste vir April 2012 – Junie 2012.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 4078, MOORREESBURG (15/3/3-9)(WYK 1)

'n Bouplanaansoek is ontvang vanaf die geregistreerde eienaar, Mnr en Mev Gabriël vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 4078 (groot 1330m²), geleë te Eerstelaan, Moorreesburg, vanaf landbou-residensiële sone na aanbiddingsone ten einde 'n kerk op te rig.

Die aansoeker meld dat die *Tabernakel van Lof Gemeenskapskerk*, waarvan die eienaar van erf 4078 'n lidmaat is, van voorneme is om 'n kerk op die perseel te vestig. Die gemeente vergader tans, volgens die aansoeker, binne 'n sinkstruktuur wat op die aanliggende eiendom (erf 1689) geleë is. Die aansoeker verduidelik dat die gemeente met verloop van tyd sodanig gegroei het en die bestaande struktuur dus te klein is en bestaan die behoefte tans om 'n formele permanente struktuur wat sowat 150 lidmate kan akkommodeer, op te rig. Die voorgestelde kerk sal 'n vloeroppervlak van 250m² bevat en bestaan uit 'n saal, 2 klaskamers, kinderkamer, kantoor, stoor en ablusiefasiliteit.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

A Dat die aansoek om hersonering van 'n gedeelte van erf 4078 (groot 1330m²), geleë te Eerstelaan, Moorreesburg ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbou residensiële sone na aanbiddingsone goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 **STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

(a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word, alvorens enige bouwerk 'n aanvang neem;
(b) dat ten minste 18 op-perseel parkeerplekke voorsien word en dat dit voorsien word van 'n permanente oppervlakte (hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf deur Swartland Munisipaliteit goedgekeur) en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;

A2 **WATER**

(a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluiting voorsien word nie;

A3 **RIOOL**

(a) dat die erf aansluit by die spoelrioolstelsel en dat daar weggedoen word met die bestaande riooltenk;

B Dat die afwyking op erf 4078, Moorreesburg ten einde af te wyk van die 10m kantboulyne na ±6m, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985

goedgekeur word.

6.2 **VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 3790 ('N GEDEELTE VAN ERF 551, DARLING) (15/3/3-3) (WYK 5)**

Die Darling gemeenskapsbegraafplaas het sy kapasiteit bereik. Gevolglik het die behoefte ontstaan om 'n alternatiewe perseel vir die doeleindes van 'n begraafplaas te identifiseer. Die mees geskikste perseel wat geïdentifiseer was, is erf 3790 ('n gedeelte van erf 551) wat reeds aan Swartland Munisipaliteit behoort. 'n Aansoek is ingedien namens die munisipaliteit vir die hersonering van erf 3790 ('n gedeelte van erf 551) (groot ±5,0524ha) Darling, vanaf Landbousone I na owerheidsone ten einde 'n begraafplaas op die perseel te akkommodeer.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B W Geel [ondersteun deur die wykskomitee van Wyk 5], gesekondeer deur rdl B J Stanley)

A Dat die aansoek om die hersonering van erf 3790 ('n gedeelte van erf 551) (groot ±5,0524ha), geleë te Darling, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf Landbousone I na owerheidsone vir die doeleindes van 'n begraafplaas, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat daar uitvoering gegee word aan die voorwaardes van die Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning se goedkeuring gedateer 12 Junie 2012 met verwysing E12/2/4/1-F5/5-3137/11;
(b) dat die voorgestelde begraafplaas omhein word;

A2 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word, sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die voorgestelde ontwikkeling.

6.3 **VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 844, MALMESBURY (15/3/6-8) (WYK 10)**

'n Bouplanaansoek is ontvang vanaf die geregistreerde eienaar, Mnr JP Du Plessis vir die onderverdeling van erf 844 (groot 1331m²), geleë h/v Ford- en Lowry Colestraat, Malmesbury in 'n gedeelte A (±623m²) en 'n restant (±708m²).

AANBEVELING
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

A Dat die aansoek om onderverdeling van erf 844 (groot 1331m²), Malmesbury geleë h/v Ford- en Lowry Colestraat, Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in 'n restant (±708m²) en gedeelte A (±623m²) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die voorgestelde verbeterings op gedeelte A sodanig beplan en ontwerp word ten einde die omliggende eiendomme te komplementeer;

A2 WATER

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

A3 RIOOL

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van ‘n aparte rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

A4 ELEKTRISITEIT

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;
(b) dat enige verskuiwings van elektriese kabels oor die betrokke onderverdeelde gedeeltes verskuif sal word ten koste van die eienaar/ontwikkelaar;
(c) dat enige elektriese tussenverbinding ge-ïsoleer en ten volle verwyder sal word;
(d) dat addisioneel tot bogenoemde, die eienaar/ontwikkelaar moet betaal vir die elektrisiteitaansluitings aan onderverdeelde gedeeltes;
(e) dat die elektriese aansluiting vanaf die bestaande laagspanningsnetwerk in Fordstraat gekoppel word;

A5 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke wooneenheid gehef word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op die oggend van verwydering;

A6 KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distrikmunisipaliteit teen R9 815,40 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 815,40 0/kl AADD) wat gemaak moet word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R 7 277,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;
(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R 3 600,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;
(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R 5 363,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;
(e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

A7 ALGEMEEN

(a) dat, indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
(b) dat alle bestaande loodgieterswerk wat tussen die restant en die onderverdeelde gedeelte gedeel word, ontkoppel word sodat elke erf se loodgieterswerk op die betrokke erf aangebring is;
(c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;
(d) dat die beswaarmaker van die besluit en sy reg tot appèl per geregistreerde pos in kennis gestel word.

6.4 **VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 116, RIEBEEK KASTEEL (15/3/36-11) (WYK 12)**

'n Bouplanaansoek is ontvang vanaf die geregistreerde eienaar, Mnr Riaan Joop van Wamelen, vir die onderverdeling van erf 116 (groot 1650m²), geleë Hermonstraat, Riebeek Kasteel, in 'n restant (±1050m²) en gedeelte A (±600m²).

AANBEVELING
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

A Dat die aansoek om onderverdeling van erf 116 (groot 1650m²), geleë te Hermonstraat, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in 'n restant (±1050m²) en gedeelte A (±600m²) goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die voorgestelde bouwerke op die nuutgeskepte erf die karakter van die betrokke gedeelte van Hermonstraat asook van Riebeek Kasteel komplementeer;

A2 WATER

(a) dat die onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op bouplanstaduim;

A3 RIOOL

(a) dat die onderverdeelde gedeelte met 'n aparte rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdelingstadium;
(b) dat daar vir die huidige nie voldoende kapasiteit by die Riebeek Kasteel rioolwerke beskikbaar is om die onderverdeelde gedeelte van riooldienste te voorsien nie. Die kapasiteit van die rioolwerke word tans uitgebrei. Hierdie proses is reeds onderweg en word dit voorsien om die opgegradeerde rioolwerke teen 2013 in bedryf te stel. Daar kan dus eers riooldienste aan die onderverdeelde gedeelte voorsien word teen die tyd dat daar kapasiteit beskikbaar is;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke wooneenheid gehef word;
(b) dat vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van vullisverwydering geplaas word;

A5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

A6 KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit teen R 9 815,40 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 815,40/kl AADD) vir elke nuutgeskepte eenheid. Hierdie kapitaalbydrae (R9 815,40) is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar 2012/2013 en kan hierna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R 7 277,00 per nuutgeskepte eenheid op uitklaringstadium aan hierdie munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag (R7 277,00) is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en

kan hierna hersien word;

(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R 3 600,00 per nuutgeskepte eenheid op uitklaring stadium aan hierdie munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag (R3 600,00) is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R 5 363,00 per nuutgeskepte eenheid op uitklaring stadium aan hierdie munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag (R5 363,00) is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

A7 ALGEMEEN

(a) dat indien die uitbreiding van bestaande verspreidingsnetwerke nodig sou wees om die voorgestelde ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien dit vir die koste van die aansoeker sal wees;

(b) dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl gewys word per geregistreerde pos;

(c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie, asook tot wanneer daar kapasiteit beskikbaar is by die rioolwerke.

6.5 VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 493, RIEBEEK KASTEEL (15/3/6-11) (WYK 12)

'n Bouplanaansoek is ontvang vanaf die geregistreerde eienaar, Middelpos Trust , vir die onderverdeling van erf 493 (groot 1543m²) geleë te Riebeek Kasteel, in 'n restant (±943m²) en gedeelte A (±600m²).

AANBEVELING
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rd R F van der Westhuizen)

A Dat die aansoek om onderverdeling van erf 493 (groot 1543m²), geleë te Riebeek Kasteel, ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985, in 'n restant (±943m²) en gedeelte A (±600m²) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 WATER

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting en meter op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word. Hierdie voorwaarde is op bouplanstadium van toepassing;

A2 RIOOL

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

(b) dat daar vir die huidige nie voldoende kapasiteit by die Riebeek Kasteel rioolwerke beskikbaar is om die onderverdeelde gedeelte van riooldienste te voorsien nie. Die kapasiteit van die rioolwerke word tans uitgebrei. Hierdie proses is reeds onderweg en word dit voorsien om die opgegradeerde rioolwerke teen 2013 in bedryf te stel. Daar kan dus eers riooldienste aan die onderverdeelde gedeelte voorsien word teen die tyd dat daar kapasiteit beskikbaar is;

A3 VULLISVERWYDERING

(a) dat 'n basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word;

(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op die oggend van verwydering;

A4 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde perseel;

A5 KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit teen R9 815,40 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 815,40/kl AADD) wat gemaak moet word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R 7 277,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;
(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R 3 600,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;
(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R 5 363,00 aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

A6 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
(b) dat enige bestaande huishoudelike loodgieterswerke wat die restant en die onderverdeelde gedeelte aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;
(c) dat die beswaarmaker van die besluit in kennis gestel word en op sy reg tot appèl gewys word;
(d) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige van die onderverdeelde gedeeltes magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen is nie, asook tot wanneer daar kapasiteit beskikbaar is by die rioolwerke.

(GET) A C SEDEMAN
VOORSITTER